durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

9 Junie 2019

### 9 Junie 2019, PINKSTERFEES, Biddag: Jeug & Kategese

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Schalk van Wyk*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Philip Scholtz*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens, Belydenisaflegging**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Jeugwerk**

Ons beywer ons om die Jeug van SA in 'n persoonlike verhouding met Jesus te kry.

### 16 Junie 2019, JEUGDAG, VADERSDAG, Biddag Blindes

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Instituut vir Blindes**




## Die uitstorting van die Heilige Gees

Vandag is Pinksterfees - ons as kerk vier die uitstorting van die Heilige Gees, toe tonge van vuur oor die dissipels gekom het.

Dis die Gees wat aan ons geloof skenk en wat die opstandingslewe in ons bewerk. Die Gees skakel ons by God se plan in: as ontvangers én verspreiders van die Nuwe Lewe.

'n Praktiese doending vir Christene is om klem te lê op gasvryheid aan vreemdelinge: Glimlag vir mense, hou die deur oop vir iemand, besoek 'n senior, laat iemand anders eerste by die trappe oploop.

Wees dankbaar vir jou gawes en gebruik dit tot voordeel van God se koninkryk.

Bid vir die werking van die Heilige Gees in jou lewe. Doen voorbidding vir die kerk se sendingwerk, uitreikprojekte en vir die vervolgde kerk.

Nog 'n praktiese saak:

Vind en benut getuienismoontlikhede. God stuur ons met die krag van sy Gees om waar ons, ons ook al bevind deur ons leefwyse te getuig.



Oggend en aand Pinsterbyeenkomste het baie geseënd afeloop. Dankie vir die boodskap.





## NUUS:

14 Junie: Skole sluit & Gr 4-6 Oorslaap

**9:00 Vakansiedienste (16 Jun - 7 Jul)**

16 Junie: Vadersdag/Jeugdag
18 Junie: Doopkategese
22 Junie: Betesda-mark
27 Junie: Seniors worsbraai

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### BERGSIG BREIPROJEK

**So het ons lekker saam gebrei - kyk net hoeveel items ingekom het!! Baie dankie aan al die breiers.**



**Die wat nog brei-items het, bring asb. dringend na die kerk, ons is amper gereed om die breiwerk te versprei na waar nodig.**

### Pinksterverkope:

Inkomste vir House of Grace R5 571,00

Inkomste vir Durbanville Sopprojek/Haweloses R1 115,00

Baie dankie vir alle vrywilligers wat gehelp het en BAIE, BAIE dankie vir almal wat ons ondersteun




## Trollieprojek

Wat benodig ons?

- wit seep
- tandepasta en tandeborsels
- aanroldeodorant vir mans en dames
- waslappies
- lyfroom
- sneesdoekies
- weggooibare skeermessies.



Ons hoop dat ons weer op jou bydraes kan staatmaak en wil jou graag uitdaag om een van hierdie items vir Alta du Toit Nasorg in jou trollie te gooi wanneer jy weer inkopies gaan doen. Vertel ook jou vriende van die projek of raak as 'n selgroep of omgeegroep betrokke.

Kontak Annamaré by uitreike@bergsigdv.co.za om betrokke te raak by hul Trollieprojek.

## Bergsig-Uitreikhulp

**BETREKKING GESOEK:**

"Ek is 'n enkel, baie gesonde, jong 59-jarige vrou, met baie goeie, jarelange ondervinding, administratief sowel as in die gasvryheids- en motorhuurbedryf asook in gepaardgaande rekenaarprogramme. Ek is egter bereid om enige eerbare tipe werk te verrig en deins nie terug vir harde werk en lang ure nie. 'n Oggendpos en/of deeltydse werk is ook welkom. As verwysing kan daar geskakel word met Mev Amanda Lourens by 084 556 2225 en/of Ds Fouchè by 082 339 9830.
My kontaknr is: 079 083 7579.

## Bergsigprojekte oor grense

### DUITSLAND: Menges Gesin

Die nuusbrief: Loergaatjie op ons lewens is beskikbaar by die sydeure en voorportaal. Hierin berig die Menges sendelinggesin oor hul doen en late. Neem gerus en lees of volg die webskakel indien jy elektronies verkies:

https://www.bergsigdv.co.za/duitsland-loergaatjie-op-ons-lewens/

### POPPIES VAN LIEFDE:

**Suid-Oos Asië uitreik (Frontida)**



Nog 'n lekker breiprojek: Poppies. Daar is patrone en wol op die tafel by die voordeur beskikbaar. Die poppies hoef nie toegewerk en opgestop te word nie. Omdat dit vir 'n spesifieke uitreik is, moet die kleure asb. groen, rooi en wit wees vir die klere en die gesiggies geel (nie wit of swart nie) Bel: Annamaré vir inligting.

## Betesda-mark

Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se maandelikse R10 verkoping van boeke, CDs, DVD en viniel-langspeelplate vind plaas op Saterdag, 22 Junie 2019 by Bergsig Kerksentrum van 8:00 - 14:00.

Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone in die gemeenskap wat finansieel, fisies, intellektueel, emosioneel, geestelik of in ander omstandighede beperk word. Byvoorbeeld die sewe inwoners van Huis Masonic vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die vyf kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children's Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden.

Die projek maak dit moontlik dat kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap gratis kan deelneem aan **PerdePret** 'n terapeutiese aktiwiteit met perde.

***Indien u boeke, DVD's, CD's of vinielplate wil skenk kan u dit by die Bergsig Kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afhaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark skakel Hans Human by 082 549 0518.

# Voorbidding

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jaco en Angela Fourie | 072 124 4271 | Hul baba , Olivia (6mde) moet 'n leweroorplanting kry in Jhb. | *Bid vir gesin vir die tyd wat voorlê en dat oorplanting suksesvol sal wees.* |
| Kobie Voigt | Fairtrees | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | *Herstel en bemoediging* |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | *Herstel en bemoediging* |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Vrou oorlede | *Troos en bemoediging* |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | *Herstel en bemoediging* |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***







## Durbanville-Bergsig Vakature: Fasiliteitebeampte

**Verantwoordelikhede**

Algemene sekuriteit / Oop- en toesluit van kerkgebou en fasiliteite
Voorbereiding van lokale bv. vir eredienste, vergaderings en ander geleenthede volgens die jaarkalender
Verhuring, toekenning en bestuur van lokale
Toesig oor werkers en instandhouding / skoonmaak van geboue, toerusting en terrein


**Vereistes**

Matriek
Uitstekende menseverhoudinge en kommunikasievermoëns
Basiese rekenaar- en instandhoudingsvaardighede
Belangstelling in klank en beeld
Verkieslik iemand wat in die omgewing van die kerk bly

**Werksure**: 40 per week

Enige verdere navrae kan aan die Gemeentebestuurder gerig word.
Stuur asseblief aansoeke na die Voorsitter: Diensverhoudinge by jmnieuwoudt@icon.co.za

**Sluitingsdatum: 18 Junie 2019, Diensaanvaarding: 1 September 2019**







**Ons bied op 24 Augustus 2019 om 9:00 ons baie gewilde Dames ontbyt aan by die skilderagtige Marlenique Estate, geleë in Simondium.**

Ons tema vanjaar is **Denim & Diamonds** - voel vry om 'n denim te dra en kreatief te wees met die res van jou uitrusting.

Ons doen 'n beroep op individue en maatskappye om hierdie geleentheid te ondersteun deur 'n tafel teen R4000.00 of individuele sitplekke teen R400 pp te borg.

Bekende TV-persoonlikheid van die reeks, Tyd met Aleit en stylkenner, Aleit Swanepoel, sal ons MC wees vir die dag. VIA TV se "Die Kontrak"-wenner, Demi Lee Moore, sal jou vermaak met haar onvergeetlike stem. Haar liedjie, "Mis Eet Slaap Herhaal", het no. 1 bereik op iTunes kort nadat dit vrygestel is.

'n Heerlike ontbyt sal bedien word. Elke gas sal 'n geskenk ontvang en sal in aanmerking kom vir die gelukstrekking.

Watter verskil sal u skenking maak in die lewens van die 144 kwesbare kinders waarvoor ons sorg?
Alle gelde wat ingesamel word sal gebruik word om 'n remediërende onderwyser aan te stel.

Kinders word dwarsdeur die jaar toegelaat tot Durbanville Kinderhuis, sommige met min of geen bewyse van voorafgaande formele skoolopleiding . As 'n direkte gevolg hiervan asook beperkte spasie in openbare skole, het die behoefte ontstaan aan 'n remediërende onderwyser.

Om hierdie situasie teen te werk, wil die Kinderhuis hulle help om hulle opvoedkundige tekortkominge aan te spreek en sodoende hulle herintegrasie in die skoolstelsel te vergemaklik en verhoed dat hulle nie skool wil bywoon nie.
Deur die remediërende ondersteuningsprogram te ondersteun, sal u hoop en nuwe geleenthede vir ons kinders skep.

Vir besprekings, stuur 'n e-pos aan Angelina Snyman by events@durbanvillekinderhuis.org.za of by 021 975 6822.

# INTERESSANTE BROKKIES:

## Kerk se ligte - 'n lidmaat skryf:

Ek sit en tel die hoeveelheid ligte wat nie brand in die kerk nie! Daar is sestig van hulle. Ek wonder hoe duur dit moet wees om die fasiliteite te onderhou en besef dat dit net so belangrik is, omdat dit ons plek van aanbidding is.

Tydens Pinkster sit ek in die kerk en sien al die ligte brand! Wat 'n verassing dat die kerk so mooi onderhou word. Ek doen navraag en wens die span geluk! Dit kos R6000. Ek besef skielik hoe duur alles geraak het en hoe belangrik dit is dat ons die plek reg en netjies hou. Mag die gloeilampies lank bly brand. Laat my ook dink aan hoe ons ook Sy Ligdraers daar buite is.







## DIENSTE BESKIKBAAR

### Mammas het jy 'n aftydjie nodig?

'n Uur of twee slaap, winkel toe gaan op jou eie? Kind siek? Ek kan jou kom help en aflos (R60 per uur)

### Administrasie

Formatering van dokumente
Belasting uiteensetting op Excel
Strokies uitsorteer, plak en liasseer. (R70 per uur)

**Rika Wessels 082 290 9358**

## Ons daaglikse brood







## Durbanville / Bersig Seniorgroep

Ons vergadering vir SLEGS LEDE vind plaas op

Donderdag 27 Junie 2019

Tyd: 9:30

Plek: Bergsig Gemeente

Lede kom geniet weer ons heerlike worsbraai.

## FASILITEITE VERSORGING:

Oom André lys behoeftes wat nodig is om die kerksentrum mooi te versorg en op te gradeer. Ons het nie genoeg fondse om al die onderhoudswerk te behartig nie. Ons skryf daarom hier en hoop dat mense in die Gemeente hiermee kan help (gratis / teen beter prys) of kontakte kan aanbeveel wat koste-effektief is. Laat weet ons asseblief.

1. Grondbedekking/bolaag vir gras
2. Diens van dakke, herstel en skoonmaak
3. Tuinafvalverwydering
4. Aanry van klippies/klippe vir tuin
5. Was van stoele
6. Stoomskoonmaak van matte
7. Opknap van ouditorium - verf
8. Tuin besproeingsisteem - toets en herstel

Bel Andre 021 976 4106 / fasiliteite@bergsigdv.co.za



# KINDERPINKSTER, VAKANSIEPROGRAM & OORSLAAP




Daar is ook 'n vakansieprogram vanaf 18-21 Junie in Bergsig se saal wat deur Bergsig en Moedergemeente aangebied word. Twee kerke bied saam 'n veilige lekker omgewing vir kinders terwyl ouers werk. Dit sal 8:00 - 13:00 plaasvind. Op die 20ste se aand is daar ook 'n Gr. 4-6 oorslaap by die kerk.

Durbanville Gemeente · durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

NG Kerk Durbanville en Durbanville-Bergsig **VAKANSIEPROGRAM**



## Toe God my gemaak het, het Hy gesê: "Ta-da!"

*Kom ontdek hoe God jou uniek gemaak het*

18-21 Junie 2019
8:00-13:00
R50 per kind per dag

Registreer by http://bit.do/glowkidzvakansie
of skakel Stephanie by 083 278 7111
of Jean by 084 588 8846
vir inskrywing

****4-12 JAAR WELKOM****

glow KIDZ
Kinders wat Glo en Leef met Omgee in ons Wêreld

## Gr. 4-6 OORSLAAP



**Donderdag, 20 Junie 2019**
**Durbanville-Bergsig**
**18:00-09:00**

**R.S.V.P. 15 Junie**
**by Stephanie 0832787111 of**
**juniorjeug@bergsigdv.co.za**

*Bring jou eie koeldrank en R50 vir pizza*
***

scan to donate now · zapper · donate with · VISA · and many more · www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan · Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527